

Sondag 13

SKRIFGEDEELTE: 2 KONINGS 15:23-26 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: 2 KONINGS 15:24(A)

Pekahia – “die Here open jou oë”

Een van die wonderlikste geloofsmomente in elke Godskind se lewe is dat jy met oop oë die werke van die Here in jou lewe kan raaksien. Só maklik kan dinge in die lewe jou met geslote oë daarna laat kyk ... want kyk, lewensomstandighede slaan jou plat ... jy verstaan nie die werke van die Here nie ... jy is verward. Om dan deur die geloof oop oë te hê vir die werke van ons God in jou lewe, is versterkend en vertroostend ... dit bring nuwe moed en krag.

Hier in 2 Konings 15 vind ons nóg ’n goddelose koning van Israel, Pekahia. Interessant dat sy naam beteken “die Here het sy oë oopgemaak”. Helaas, met toe oë vir God se genade en werke ploeter hy egter op die weg van goddeloosheid en sonde voort. Uiteindelik sou hy slegs twee jaar regeer voordat die Here hom oorgee in die hand van Peka, sy adjudant.

As ’n mens raaksien dat die Here goddeloosheid en sonde van die konings toelaat, staan jy verstom dat iemand met só ’n besondere naam juis toe oë vir God se werke het. Hy sluit sy oë vir die Here en sy Woord. Dit skerp óns op om raak te sien – met oop oë – hoedat die Here juis daardie sonde en goddeloosheid, ook van die ou konings, platvee deur die koms en dood van sy Seun, Jesus Christus. Hy sterf op Golgota vir sonde en versoen die mens met God.

Só open die Here óns oë deur sy liefde en genade. Daar gebeur so baie dinge in ons lewe – ook vandag kan iets gebeur wat jou perspektief en insig laat verloor. Mag die Heilige Gees u oë open en sien in alles die hand van die Here raak. Hý is met ons elkeen, elke dag, besig om ons deur die geloof voor te berei op die heerlike ewige saligheid.

As God met jou besig is, bly dit enkel en alleen genade. Die Here het u nie vergeet nie. Sien dit ook vandag raak!

Sing: Skrifberyming 14-2:1

Ds. NW (Nico) Ligthelm (Emeritus)